# VKB STANDAARD BEPALINGS EN VOORWAARDES VAN GRAAN AANKOPE EN VERKOPE

## 1. BOEKSTAWING

1.1. VKB en die Teenparty (Verkoper/Koper) is van voornemens om van tyd tot tyd transaksies aan te gaan in terme waarvan die Teenparty landboukommoditeite aan VKB sal verkoop en lewer of by VKB sal koop en ontvang.

1.2. Sodanige koop en verkoop transaksies sal aan hierdie standaard algemene terme en voorwaardes onderhewig moet wees, ongeag verskille in die strategie, struktuur en spesifieke terme van enige toekomstige individuele transaksie.

1.3. Die bepalings en voorwaardes in hierdie dokument sal van toepassing wees op alle kontrakte wat vir die duur van hierdie Bepalings en voorwaardes tussen VKB en die Teenparty aangegaan word, tensy enige sodanige bepalings onversoenbaar is met enige bepaling van enige Koop-/Verkoop-kontrak, in welke geval laasgenoemde voorrang sal geniet.

## 2. DEFINISIES EN INTERPRETASIE

**DEFINISIES**

In hierdie Bepalings en voorwaardes en enige Koop-/Verkoopkontrak wat op sterkte hiervan tussen die Partye gesluit word, sowel as enige bylaes hierby aangeheg of geïnkorporeer, sal die volgende terme die betekenis dra wat hieronder daarteenoor aangedui word en verwante uitdrukkings sal ’n ooreenstemmende betekenis dra, tensy die samehang of die konteks duidelik ’n ander bedoeling aandui:

2.1. **“Besigheidsdag**” beteken elke dag wat nie ‘n Saterdag, Sondag of amptelike openbare vakansiedag in die Republiek van Suid-Afrika is nie.

2.2. **“BTW”** beteken belasting op toegevoegde waarde gehef ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 89 van 1991.

2.3. **“Direkte Skade”** beteken daardie skade wat vanselfsprekend en in die algemeen uit die tersaaklike kontrakbreuk voortspruit en ten opsigte waarvan ‘n regsvermoede bestaan dat die Partye dit as ‘n waarskynlike gevolg van die kontrakbreuk voorsien het.

2.4. **“ECTA Wet”** beteken die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002.

2.5. **”Geval van Versuim”** beteken enige geval van versuim soos bedoel in klousules 9 en 10 hieronder.

2.6. **“Indirekte Skade”** of **“Gevolgskade”** beteken daardie skade wat, hoewel dit deur kontrakbreuk veroorsaak word, gewoonlik in die reg beskou word as te vêr verwyderd om verhaalbaar te wees, tensy die Partye in die besondere omstandighede wat by kontraksluiting geheers het, werklik of vermoedelik voorsien het dat dit waarskynlik uit die verbreking van die kontrak sal voortspruit.

2.7. **“JSE CDM”** beteken die Johannesburgse Effektebeurs se *Commodities Derivatives Market*.

2.8. **“Kommoditeit”** beteken ‘n landboukommoditeite wat ingevolge hierdie Bepalings en voorwaardes verkoop word.

2.9. **“Kontrakbevestiging”** beteken die skriftelike vaslegging van die Wesenlike Bepalings van elke afsonderlike Koopkontrak tussen die Partye aangegaan, wat deur VKB aan die Teenparty uitgereik word.

2.10. "**Koop/Verkoop-kontrak"** beteken elke afsonderlike bepalings en voorwaardes vir die koop en verkoop van Kommoditeite wat tussen die Partye gesluit word, soos in klousule 3 hieronder bedoel, waarby hierdie Bepalings en voorwaardes geïnkorporeer word.

2.11. **"Koper"** beteken die koper van die Kommoditeit vanaf die Teenparty, soos volledig gesiteer in die Kontrakbevestiging;

2.12. **"Nie-besigheidsdag"** beteken enige dag wat nie 'n Besigheidsdag is nie.

2.13. **"Die/Hierdie Bepalings en voorwaardes"** beteken die bepalings en voorwaardes tussen die Partye soos in hierdie algemene bepalings en voorwaardes vervat en waarby die bepalings en voorwaardes van alle Koopkontrakte geïnkorporeer word tot die mate waartoe dit van toepassing mag wees.

2.14. "**Party/Partye"** beteken VKB en/of die Verkoper, soos die konteks mag vereis.

2.15. "**Prima Rentekoers**" beteken die veranderlike rentekoers van tyd tot tyd deur ABSA Bank Beperk as sy primakoers gekwoteer, synde 'n nominale jaarlikse koers, maandeliks saamgestel, soos deur daardie bank bereken en gehef, en soos gesertifiseer deur enige bestuurder of direkteur van daardie bank, van wie se aanstelling nie bewys vereis sal word nie, welke gesertifiseerde Prima Rentekoers op enige gegewe tydstip finaal en bindend op die Partye sal wees.

2.16. **"R" of "Rand"** beteken Suid-Afrikaanse Rand, synde die amptelike geldeenheid van Suid-Afrika.

2.17. **"Teenparty"** – beteken die Koper of Verkoper, soos volledig gesiteer in die Kontrakbevestiging;

2.18. **"Ton"** beteken metrieke ton.

2.19. "**Verkoper**" beteken die verkoper van die Kommoditeit aan VKB, soos volledig gesiteer in die Kontrakbevestiging;

2.20. "**VKB**" beteken VKB Landbou (Edms) Bpk, registrasienommer: 2015/165238/07;

2.21. **"Wesenlike Bepalings"**, in die konteks van Koopkontrakte soos bedoel in klousule 3, sluit, onder andere, die volgende wesenlike bepalings in: Kommoditeit, Hoeveelheid, Leweringsperiode, Leweringspesifikasie, Prys/Prysbepaling, Betalingsterme, Rentekoers, Stoorkoste, Massabepaling, Kwaliteitspesifikasies en Spesiale Voorwaardes.

2.22. "**die Wet"** beteken die Maatskappywet, 71 van 2008.

**INTERPRETASIE**

2.23. Enige term wat in enige klousule van hierdie Bepalings en voorwaardes gedefinieer word, sal regdeur hierdie Bepalings en voorwaardes en in enige Koop-/Verkoop-kontrak, aanhangsel of geïnkorporeerde dokument dieselfde betekenis dra en van toepassing wees, tensy anders aangedui of onversoenbaar met die konteks waarin dit gebruik word.

2.24. Indien 'n definisie substantiewe regte en verpligtinge vir 'n Party oplê, sal aan sodanige regte en verpligtinge gevolg gegee word en sal dit afdwingbaar wees, ongeag die feit dat dit in 'n definisie vervat is.

2.25. Verwysings na statutêre bepalings sluit in enige ondergeskikte wetgewing wat van tyd tot tyd ingevolge daardie bepalings uitgevaardig word, met inbegrip van enige wysiging of herverordening daarvan van tyd tot tyd.

2.26. In hierdie Bepalings en voorwaardes sluit enige verwysing na 'n bepaalde geslag die ander geslag en die neutrale in; sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd; natuurlike persone sluit regspersone in en omgekeerd; en verwysings na ’n “persoon” sluit in ’n natuurlike persoon, maatskappy, beslote korporasie of enige ander regspersoon of korporatiewe entiteit, welwillendheidsorganisasie, trust, vennootskap, gesamentlike onderneming, sindikaat of enige ander vereniging van persone in.

2.27. Indien die datum vir die betaling van enige bedrag of die nakoming van enige verpligting, uitgesonderd die lewering van Kommoditeite ingevolge ‘n Koop-/Verkoop-kontrak, op ’n Nie-besigheidsdag val, sal die daaropvolgende Besigheidsdag as die datum vir sodanige betaling of nakoming geag word.

2.28. Indien die laaste datum vir die lewering van Kommoditeite ingevolge ’n Koop-/Verkoop-kontrak op ’n Nie-besigheidsdag val, sal die laaste Besigheidsdag voor daardie laaste leweringsdatum, die datum vir lewering wees.

2.29. ’n Verwysing na ’n Party sluit daardie Party se opvolgers in titel en gemagtigde regsverkrygendes in.

2.30. ’n Verwysing na “skriftelik”, “geskrewe”, “handtekening” en “geteken” sal ’n “databoodskap” en “elektroniese handtekening”, soos in die ECTA Wet gedefinieer, insluit.

2.31. Die bepalings van klousule 2 hierbo sal ’n integrale deel van hierdie Bepalings en voorwaardes vorm en sal by die interpretasie van hierdie Bepalings en voorwaardes in ag geneem word.

**3. KOOP EN VERKOOP VAN KOMMODITEITE**

3.1. Die Partye beoog om van tyd tot tyd Koop-/Verkoopkontrakte te sluit ingevolge waarvan die Teenparty Kommoditeite aan VKB sal verkoop of vanaf VKB sal koop, wat sodanige Kommoditeite van die Verkoper sal koop of die Koper sal verkoop.

3.2. Die Verkoper/Koper sal die Kommoditeite aan VKB verkoop of vanaf VKB koop op die bepalings en voorwaardes soos vervat in hierdie Bepalings en voorwaardes en die Kontrakbevestiging wat op elke transaksie betrekking het, wat gesamentlik ‘n kontrak sal daarstel.

3.3. Alle Koop-/Verkoopkontrakte voortspruitend uit hierdie Bepalings en voorwaardes aangegaan, sal onderhewig wees aan die bepalings en voorwaardes vervat in hierdie Bepalings en voorwaardes en enige Kontrakbevestiging, wat ‘n integrale deel van sodanige Koop-/Verkoopkontrak sal vorm en die Wesenlike Bepalings van die Koopkontrakte tussen die Partye sal daarstel.

3.4. Alle Wesenlike Bepalings en voorwaardes, sal deur VKB bevestig word by wyse van ‘n skriftelike Kontrakbevestiging.

3.5. Indien die Teenparty by ontvangs van ‘n Kontrakbevestiging nie met enige bepaling of voorwaarde in die Kontrakbevestiging saamstem nie, sal die Teenparty geregtig wees om binne 24 (vier-en-twintig) uur na ontvangs van die Kontrakbevestiging daarteen beswaar te maak, met vermelding van die redes vir sy beswaar teen of verskil met die onaanvaarbare bepalings of voorwaardes, by gebreke waarvan die Kontrakbevestiging finaal en bindend op die Partye sal word.

3.6. Indien die Teenparty beswaar maak teen of nie saamstem met enige van die bepalings en voorwaardes van ‘n Kontrakbevestiging of ander kennisgewing wat die Wesenlike Bepalings van die transaksie bevestig nie, sal die Partye in goeie trou met mekaar onderhandel ten einde ‘n

ooreenkoms oor die onaanvaarbare bepalings binne 2 (twee) Besigheidsdae te bereik, met spesifieke verwysing na die opname van enige telefoongesprek of die inhoud van enige boodskap met betrekking tot die transaksie, by gebreke waarvan die saak as ‘n dispuut verklaar sal word en in terme van klousule 15 mee gehandel sal word.

3.7. Die versuim van enige Party om enige Kontrakbevestiging te onderteken en/of terug te stuur, sal nie die geldigheid van die kontrak op enige wyse affekteer nie en die Teenparty kom ooreen dat hy aan sodanige Kontrakbevestiging gebonde sal wees ongeag of hy die Kontrakbevestiging onderteken en terugstuur, al dan nie.

3.8. Indien die Partye op enige wysiging van ‘n Koop-/Verkoopkontrak ooreenkom, sal ‘n Kontrakbevestiging of ander kennisgewing deur VKB aan die Teenparty gestuur wat die besonderhede van sodanige wysiging bevestig, bindend op die Teenparty wees vanaf die datum van uitreiking van sodanige wysigende Kontrakbevestiging of kennisgewing, ongeag of die Teenparty die oorspronklike Kontrakbevestiging of enige wysiging daarvan onderteken het al dan nie, op voorwaarde dat sodanige oorspronklike Kontrakbevestiging en/of wysiging aan die bepalings van hierdie klousule 3 voldoen. Die bepalings van klousules 3.3 tot 3.7 sal *mutatis mutandis* van toepassing wees op enige wysigende Kontrakbevestiging of kennisgewing.

3.9. Ongeag enige bepaling tot die teendeel behou VKB die onvoorwaardelike reg voor om ‘n getekende skriftelike aanvaarding van die Wesenlike Bepalings van die Teenparty te vereis voordat enige Koop-/Verkoop-kontrak uitgevoer word.

## 4. LEWERING, OORDRAG VAN RISIKO EN EIENDOMSREG

4.1. Fisiese lewering van Kommoditeite

4.1.1. **Ex-silo**

Behoudens klousule 4.1.2 sal Kommoditeite wat ingevolge Koopkontrakte verkoop word ex-silo gelewer word by die plek van lewering in die betrokke Kontrakbevestiging gespesifiseer. Indien dit nie vir VKB moontlik is om lewering van die Kommoditeit by die plek van lewering in die Kontrakbevestiging gespesifiseer te aanvaar nie, sal VKB geregtig wees om, behoudens die bepalings van klousule 14.2, ‘n alternatiewe plek van lewering vir aanvaarding van lewering vanaf die Verkoper te nomineer. Die gewig van die Kommoditeite volgens die weegbrugsertifikaat by ontvangs uitgereik deur die operateur van daardie weegbrug, sal as *prima facie*-bewys van die gewig van die gelewerde Kommoditeit aanvaar word.

4.1.2. **Plaaslaai**

Indien Kommoditeite wat ingevolge ‘n Koopkontrak verkoop is, op die plaas gelewer sal word, sal die Kommoditeite aldus gelewer, geweeg word by ‘n leweringspunt deur VKB genomineer en die gewig daarvan volgens die weegbrugsertifikaat uitgereik deur die operateur van daardie weegbrug, sal as prima facie-bewys van die gewig van die gelewerde Kommoditeite aanvaar word.

4.1.3. Alle weegbrugsertifikate moet meganies of elektronies gedruk word. Weegbrûe wat gebruik word om gewig te bepaal, moet voldoen aan die verifikasie periodes vir weeg- en meetinstrumente wat in die handel gebruik word, soos vereis ingevolge die Suid-Afrikaanse wetgewing wat handelsmetrologie beheer.

4.2. JSE CDM- en Silosertifikate: Lewering van Kommoditeite ingevolge Koop-/verkoop-kontrakte verkoop/gekoop, sal geskied ingevolge die sertifikate wat aan VKB oorgedra word. Die gewig soos op die Sertifikaat aangedui, sal deur beide Partye as die gelewerde gewig van die verkoopte Kommoditeite aanvaar word.

4.3. Oordrag na VKB se Folio: Lewering van Kommoditeite ingevolge kontrakte aan VKB verkoop of vanaf VKB gekoop, sal geskied met die oordrag van die Kommoditeite na VKB se Folio. Die gewig soos gesertifiseer deur enige bestuurder van VKB, wie se aanstelling nie bewys sal verg nie, sal deur beide Partye aanvaar word as *prima facie*-bewys van die gelewerde gewig van die Kommoditeite wat aldus oorgedra is.

4.4. Eienaarskap en die risiko ten opsigte van die Kommoditeite ingevolge 'n Koopkontrak verkoop, sal op VKB oorgaan sodra VKB die Kommoditeite gelewer ingevolge klousules 4.1, 4.2 en 4.3 na 'n oop Koopkontrak tussen die Partye aangegaan, allokeer.

4.5. Eienaarskap en die risiko ten opsigte van die Kommoditeite ingevolge 'n Verkoopkontrak verkoop, sal op die Koper oorgaan sodra VKB die Kommoditeite gelewer ingevolge klousules 4.1, 4.2 en 4.3 na 'n oop Koopkontrak tussen die Partye aangegaan, allokeer en faktureer.

4.6. Die Partye sal geregtig wees om die Kommoditeite te lewer in ooreenstemming met die Leweringspesifikasie soos in die Kontrakbevestiging uiteengesit.

4.7. Ongeag enige bepaling tot die teendeel sal VKB geregtig wees om lewering van enige Kommoditeit na die laaste dag vir sodanige lewering ingevolge die Koopkontrak te weier. Indien die Kommoditeite nie voor of op die laaste dag vir lewering deur die Verkoper gelewer word nie, sal die Verkoper in kontrakbreuk verkeer en teenoor VKB aanspreeklik wees soos in hierdie Bepalings en voorwaardes bepaal. Aanvaarding van lewering na die laaste dag van lewering sal geheel en al sonder benadeling van VKB se regte geskied, insluitende die reg om die Uitbetalingsprys aan te pas met enige verandering in die berekening daarvan wat uit die Verkoper se laat lewering van die Kommoditeit voortspruit.

## 5. KOOPPRYS

5.1. Vir doeleindes van hierdie klousule 5 –

5.1.1. "Datum van Oordrag van die Kommoditeit aan VKB" beteken die datum waarop die eienaarskap van en die risiko met betrekking tot die Kommoditeit (of enige gedeelte daarvan) ingevolge klousule 4.4 op VKB sal oorgaan.

5.1.2. Die berekening van enige tydperk in terme van hierdie klousule 5 sal geskied met insluiting van die eerste dag en uitsluiting van die laaste dag.

5.2. Die prysing- en Betalingsterme met betrekking tot Kommoditeite wat deur die Verkoper aan VKB verkoop word of vanaf VKB gekoop word, sal, behoudens die bepalings van hierdie Bepalings en voorwaardes, bepaal word in ooreenstemming met die bepalings en voorwaardes van die kontrakte wat tussen die Partye aangegaan is.

5.3. Die uitbetalingprys per gelewerde metrieke ton sal bepaal word volgens die metode en met inagneming van al die toepaslike elemente soos bepaal in die Kontrakbevestiging.

5.4. Alle bedrae in die Kontrakbevestiging sluit BTW uit.

5.5. Die Verkoper sal sy Markprys, Vasteprys en Strategieë, soos bedoel in die Transaksiebevestiging, prys deur VKB se Graanbemarkingsafdeling tussen 09h00 en 11h45 op Verhandelingsdae, soos deur die JSE CDM bepaal, te kontak.

5.6. Die Verkoper sal sy Markprys – Vasteprys voor of op die Laaste Prysingsdatum ingevolge die Kontrakbevestiging prys, met verwysing na die Termynkontrakmaand.

5.7. Indien die Teenparty en VKB ooreenkom om een of meer strategieë, soos deur VKB goedgekeur, te gebruik:

5.7.1. sal elke Strategie prys gebaseer word op die Strategie Instrument en Strategie Laaste Prysingsdatum soos in die Kontrakbevestiging uiteengesit.

5.7.2. Die Teenparty is verantwoordelik vir alle koste met betrekking tot Strategieë aangegaan, soos in die Kontrakbevestiging uiteengesit.

5.7.3. VKB sal geregtig wees om ‘n administrasiefooi ten opsigte van die Strategieë te hef.

5.7.4. Indien die Teenparty versuim om die nodige opdragte aan VKB te gee om enige Strategie voor die Laaste Prysingsdatum te prys, sal VKB geregtig wees om alle Strategieë op die laaste Prysingsdatum of enige dag daarna wat VKB mag goeddink, te prys: Met dien verstande dat die Verkoper die risiko en koste verbonde aan sodanige versuim sal dra.

5.7.5. Die Teenparty aanvaar die risiko en is verantwoordelik vir alle markbewegingsrisiko verbonde aan die Strategieë wat gebruik is. Die Teenparty verklaar en kom ooreen dat hy te alle tye sal verseker dat hy ten volle op hoogte is met alle aspekte rakende enige Strategie deur hom gekies, insluitende die gepaardgaande risiko en koste en dat VKB, ongeag enige bepaling tot die teendeel, nie aanspreeklik sal wees vir enige verlies van, of koste aangegaan deur die Teenparty as gevolg van die gekose Strategie nie.

5.8. Die Verkoper sal geregtig wees om een of meer Strategieë deur VKB goedgekeur, te gebruik ten einde ‘n Minimum Markprys en/of Maksimum Markprys te bepaal, soos wat in die Kontrakbevestiging uiteengesit sal word.

5.8.1. Die Verkoper erken die belangrikheid van die Minimum Markprys en die Maksimum Markprys Vervaldatums wat in die Kontrakbevestiging uiteengesit sal word. Indien die Verkoper sou versuim om die Strategie met betrekking tot hierdie Minimum en/of Maksimum Markpryse sowel as die Markprys - Vasteprys voor die Vervaldatums volgens die Kontrakbevestiging te prys, kan VKB nie daardie Minimum en/of Maksimum Markpryse waarborg nie en sal die Verkoper enige gevolglike risiko dra.

5.8.2. Die Verkoper erken dat wanneer ‘n Strategie opsie-instrumente insluit wat by vervalling in termynkontrakte oorgaan, sodanige termynkontrakte as prysing van die Markprys – Vasteprys geag sal word: Met dien verstande dat in die geval waar ’n neutrale posisie by die vervalling van die betrokke termynkontrakte ontstaan, sodanige prysing op die eerste Besigheidsdag daarna sal plaasvind.

5.9. Die Verkoper sal geregtig wees om een of meer Uitgestelde Prysstrategieë deur VKB goedgekeur, te gebruik, soos wat in die Kontrakbevestiging uiteengesit sal word.

5.9.1. Die Verkoper aanvaar en kom ooreen dat die volle Uitbetalingsprys nie deur VKB betaalbaar sal wees alvorens alle Uitgestelde Prysstrategieë geprys is nie.

5.9.2. VKB mag ’n voorlopige betaling aan die Verkoper maak, waarvan die bedrag met finale afrekening van die Uitbetalingsprys afgetrek sal word.

5.9.3. Indien op enige stadium gedurende die termyn van enige Koopkontrak die Voorlopige Betaling die berekende Uitbetalingsprys oorskry, gebaseer op markbewegings met betrekking tot Strategieë, sal VKB geregtig wees, maar nie verplig nie, om die betrokke Strategie te prys sonder vooraf kennisgewing aan die Verkoper, ten einde sy risiko te beperk.

5.9.4. Indien die Voorlopige Betaling deur VKB gemaak die finale Uitbetalingsprys na prysing van Strategieë oorskry, sal die verskil onmiddellik opeisbaar en deur die Verkoper betaalbaar word.

5.10. Ongeag enige bepaling tot die teendeel in hierdie Bepalings en voorwaardes of enige Kontrakbevestiging, of enige voorstelling of onderneming in enige vorm of op enige wyse deur enige verteenwoordiger van VKB gemaak of gegee, word ooreengekom dat enige bedrag in ’n Koopkontrak wat bereken word met verwysing na enige vervoerdifferensiaal, graaddifferensiaal, rente, opsiekoste, marge, stoorkoste of enige ander koste ingesluit of na verwys in ’n Kontrakbevestiging, deurlopend aangepas sal word met enige veranderings in enige van daardie elemente vanaf die datum waarop die verandering in werking tree. Vir hierdie doeleindes word gestipuleer dat die Vervoerdifferensiaal en die Graaddifferensiaal, gebaseer is op die huidige gepubliseerde bedrae soos deur die JSE CDM verstrek op die toepaslike Kontrakbevestiging.

5.11. Indien die Verkoper verkies om nie die waarde van die Premie voor die datum van die Kontrakbevestiging vas te maak nie, sal die Verkoper die risiko dra verbonde aan bewegings in die Premiewaarde beskikbaar met verwysing na die Plek van Lewering van die Kommoditeit. Indien die Verkoper by die aanvang van die Leweringsperiode nog nie gekies het om die Premie vas te maak nie, sal die Premie by verstek deur VKB vasgemaak word, gebaseer op die Premie beskikbaar by die aanvang van die Leweringsperiode.

5.12. Indien die Verkoper by die sluiting van ’n Koopkontrak ’n vaste Premie gekies het, sal die Verkoper nie geregtig wees op enige voordeel voortspruitend uit enige moontlike toekomstige verhoogde Premies beskikbaar ten opsigte van die Kommoditeit en die Plek van Lewering soos bepaal in hierdie Bepalings en voorwaardes nie.

5.13. Alle graanhanterings- en graandienstefooie of -kostes is vir die Verkoper se rekening. Hierdie fooie en/of kostes sal deur die eienaar van die Plek van Lewering in die Kontrakbevestiging aangedui, teen die Verkoper gehef word. Indien hierdie fooie deur die eienaar van die Plek van Lewering teen VKB gehef word, sal VKB geregtig wees om om hierdie fooie en/of kostes van die Verkoper te verhaal.

5.14. Duidelikheidshalwe kom die Partye ooreen dat indien rente en/of stoorkoste op ‘n Koopkontrak van toepassing is, die betrokke koste soos volg bereken sal word:

5.14.1. **Rente**

Veranderlikes: A: Hoeveelheid Kommoditeit met Verskaffer Leweringsperiode Aanpassing oorgedra aan VKB

B: Prys van die Kommoditeit*

C: Datum van oordrag van die Kommoditeit aan VKB**

D: Verskaffer Leweringsperiode Aanpassing Einddatum volgens Kontrakbevestiging

E: Toepaslike Rentekoers volgens Kontrakbevestiging***

Formule: (Aantal dae vanaf C tot D) x A x B x E

* Die Prys van die Kommoditeit sal die Markprys: Vaste Waarde volgens Kontrakbevestiging wees.

** Indien geen oordrag van die Kommoditeit plaasvind nie as gevolg van die kansellasie of likwidasie ("uitwas") van die Koopkontrak by ooreenkoms tussen die Partye, sal die datum van uitwas as die datum van oordrag vir doeleindes van hierdie berekening beskou word.

*** Indien die rentekoers aan die Prima Rentekoers gekoppel is en die Prima Rentekoers tussen C en D aangepas word, sal die totale rente bereken word teen die gemiddelde van die toepaslike rentekoerse vir die periode C tot D.

5.14.2. **Storkoste**

Veranderlikes: A: Hoeveelheid Kommoditeit met Verskaffer Leweringsperiode Aanpassing oorgedra aan VKB

B: Datum van oordrag van die Kommoditeit aan VKB*

C: Verskaffer Leweringsperiode Aanpassing Einddatum volgens Kontrakbevestiging

D: Stoorkoste**

Formule: (Aantal dae vanaf B tot C) x A x D

* Indien geen oordrag van die Kommoditeit plaasvind nie as gevolg van die kansellasie of likwidasie ("uitwas") van die Koopkontrak by ooreenkoms tussen die Partye, sal die datum van uitwas as die datum van oordrag vir doeleindes van hierdie berekening beskou word.

** Die Stoorkoste sal óf die toepaslike koste van die Plek van Lewering óf die JSE CDM kostes wees, soos volgens die Kontrakbevestiging tussen die Partye ooreengekom. Indien die stoorkoste tussen B en C aangepas word, sal die toepaslike Stoorkoste bereken word teen die gemiddelde van die toepaslike Stoorkoste vir die periode B tot C.

**6. OPDRAG OM TE PRYS**

Wanneer ook al ingevolge enige Koop-/Verkoop-kontrak van die Verkoper/Koper vereis word om opdrag aan VKB te gee om enige kontrak te prys, mag sodanige opdrag slegs telefonies of in persoon gegee word, onderhewig aan die volgende bepalings:

6.1. Indien die opdrag telefonies gegee word, stem die Verkoper/Koper onherroeplik toe en kom ooreen dat sodanige telefoongesprek deur VKB opgeneem mag word en dat sodanige opname as getuienis aangebied en aanvaar mag word in enige arbitrasie of hofverrigtinge tussen die Partye voortspruitend uit hierdie Bepalings en voorwaardes en/of enige Koopkontrak, of die beëindiging daarvan.

6.2. Indien daar op enige dag waarop 'n prys of ander bedrag met verwysing na pryse deur die JSE CDM genoteer, bepaal moet word, anders as op die Verkoper se spesifieke opdragte, nie voldoende

likiditeit in die mark beskikbaar is nie, met ander woorde indien daar nie voldoende kopers of verkopers in die mark is nie, sal die beoogde prysing geskied op die eerste dag daarna wanneer daar wel voldoende likiditeit beskikbaar is, in welke geval die latere datum as die Prysingsdatum vir doeleindes van die betrokke Koopkontrak aanvaar sal word.

6.3. Enige opdrag deur die Verkoper aan VKB gegee om enige kontrak ingevolge hierdie Bepalings en voorwaardes te prys, sal slegs geldig wees vir die dag waarop sodanige opdrag deur die Verkoper gegee is.

**7. BETALING VAN KOOPPRYS**

7.1. Die koopprys betaalbaar deur VKB aan die Verkoper ingevolge enige Koopkontrak, sal binne 3 (drie) Besigheidsdae na die laaste leweringsdatum, soos in die Koopkontrak bepaal, betaalbaar wees vir Kommoditeite wat ingevolge die kontrak gelewer is.

7.2. VKB mag in sy eie diskresie die Verkoper op ’n vroeër datum betaal ten opsigte van Kommoditeit wat reeds ingevolge ’n Koopkontrak gelewer is.

7.3. Die Partye kom ooreen dat VKB enige eis van watter aard ook al wat hy teen die Verkoper mag besit, mag verreken teen enige bedrag wat ingevolge hierdie Bepalings en voorwaardes deur VKB aan die Verkoper verskuldig en betaalbaar is.

**8. KWALITEITSTANDAARDE**

8.1. Die Kommoditeit wat ingevolge enige Koopkontrak verkoop word, moet aan die kwaliteitstandaarde volgens die Kontrakbevestiging voldoen. Spesifikasies met betrekking tot kwaliteitstandaarde kan van VKB se kantore en silo’s verkry word. Enige kwaliteitstandaard waarop in die kontrak ooreengekom is, sal ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 119 van 1990, bepaal en beheer word.

8.2. ’n Gelewerde Kommoditeit wat nie aan die vereiste standaarde voldoen nie, sal nie as behoorlike lewering in ooreenstemming met die betrokke Koopkontrak beskou word nie.

8.3. In die geval van fisiese lewering van die Kommoditeit ingevolge klousule 4.1.1, sal die kwaliteit van die Kommoditeit by lewering deur die Silo-eienaar/Operateur bepaal word en ’n graderingsertifikaat deur die Silo-eienaar/Operateur uitgereik wat die aldus bepaalde kwaliteit bevestig, sal as prima facie-bewys van die kwaliteit deur die Partye aanvaar word.

8.4. Indien die Kommoditeit vir plaaslaai ingevolge klousule 4.1.2 verkoop is, sal die kwaliteit deur VKB bepaal word, behoudens die bepalings van klousule 8.1 en in ooreenstemming met aanvaarde praktyk en prosedures in die bedryf. ’n Sertifikaat uitgereik in terme van klousule 18 wat die aldus bepaalde kwaliteit bevestig, sal deur beide Partye as prima facie-bewys van die kwaliteit van die Kommoditeit aanvaar word.

8.5. In die geval van lewering van die Kommoditeit ingevolge klousule 4.2, sal die kwaliteit van die Kommoditeit bepaal en bewys word deur die Sertifikate wat aan VKB oorgedra word.

8.6. In die geval van lewering van die Kommoditeit ingevolge klousule 4.3, sal die kwaliteit van die Kommoditeit bepaal en bewys word deur ’n sertifikaat uitgereik deur die Silo-eienaar/Operateur wat die oordrag van die Kommoditeit na VKB se Folio bevestig.

**9. WESENLIKE GEVALLE VAN VERSUIM DEUR DIE VERKOPER**

9.1. Die Verkoper erken dat VKB op sterkte van die sluiting van Koopkontrakte verdere kontakte vir die herverkoop van die Kommoditeite met derde partye mag aangaan en dat wanprestasie deur die Verkoper mag veroorsaak dat VKB skade sal ly, aangesien VKB nie in staat mag wees om sy verpligtinge in terme van sodanige kontrakte na te kom nie, welke skade verlies van winste en Indirekte of gevolgskade mag insluit.

9.2. Dit word ook op rekord geplaas dat al die bepalings van enige kontrak as wesenlike bepalings van die Bepalings en voorwaardes beskou word en die Verkoper/Koper se aandag word in besonder gevestig op:

9.2.1. die hoeveelhede van Kommoditeite gekoop;

9.2.2. die aanvangsdatum en einddatum van die leweringsperiode;

9.2.3. die graad van die Kommoditeit soos ooreengekom.

9.3. Behoudens die bepalings van klousule 5.7.4, indien die Teenparty sou versuim om enige van sy verpligtinge in terme van ’n kontrak, synde die wesenlike bepalings van die Bepalings en voorwaardes, stiptelik na te kom, sal VKB, sonder benadeling van enige ander regte ingevolge hierdie Bepalings en voorwaardes of in terme van die reg, geregtig wees om:

9.3.1. die kontrak af te dwing deur spesifieke nakoming te eis; of

9.3.2. die kontrak te kanselleer en skadevergoeding van die Teenparty te eis ten opsigte van die ongelewerde of onvoldoende tonnemaat, bereken met verwysing na die dan heersende markprys per ton, sonder benadeling van VKB se posisie in enige opsig. Die Teenparty verleen ’n onherroeplike magtiging aan VKB om die Teenparty se rekening te debiteer met die bedrag van die verlies of skade wat VKB as gevolg van die Verkoper se wanprestasie mag ly, welke skade Indirekte of Gevolgskade mag insluit.

## 10. ALGEMENE GEVALLE VAN VERSUIM

10.1. Sonder benadeling van regte van enige van die Partye ingevolge die reg of enige bepalings en voorwaardes of sekuriteit soos bedoel in hierdie Bepalings en voorwaardes, sal ’n Algemene Geval van Versuim voorkom indien:

10.1.1. Enige Party versuim om enige bedrag betaalbaar ten opsigte van enige kontrak op die vervaldatum daarvan te betaal;

10.1.2. behoudens die bepalings van klousules 5.7.4 en 9, enige Party versuim om te voldoen aan enige bepaling of voorwaarde van hierdie dokument of ten opsigte van enige kontrak en versuim om sodanige verbreking binne 7 (sewe) Besigheidsdae na ontvangs van ’n skriftelike aanmaning daartoe reg te stel;

10.1.3. enige bate wat deur een Party as ’n wesenlike bate van die ander Party beskou word, deur enige derde party op beslag gelê word en die ander Party versuim om binne 10 (tien) Besigheidsdae vanaf sodanige beslaglegging die nodige stappe te neem ten einde sodanige beslaglegging ter syde te stel en om sodanige stappe daarna nougeset tot ’n suksesvolle afhandeling deur te voer;

10.1.4. enige Party ’n kompromie of reëling met enige van sy skuldeisers aangaan of poog om dit aan te gaan;

10.1.5. enige Party vir welke rede ook al onbevoeg word om sy normale loop van sake te bedryf;

10.1.6. enige van die volgende met betrekking tot enige van die Partye gebeur:

10.1.6.1. Hy onder insolvente omstandighede besigheid bedryf of handeldryf;

10.1.6.2. Hy onder Ondernemingsredding geplaas is of Ondernemingsredding hangende of dreigend teen hom is of enige stappe geneem is om met Ondernemingsredding ingevolge hoofstuk 6 van die Wet te begin;

10.1.6.3. Hy in finansiële nood verkeer, soos in hoofstuk 6 van die Wet gedefinieer, of ander omstandighede bestaan wat Ondernemingsredding regverdig;

10.1.6.4. Wanneer daar ’n verandering in beheer van enige van die Partye is, soos bedoel in artikel 2(2) van die Wet, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die ander Party; of

10.1.6.5. Wanneer enige Party nie in staat is om binne 10 (tien) Besigheidsdae na skriftelike versoek daartoe van die ander Party, ’n geldige Belastinguitklaringsertifikaat, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (waar van toepassing), vir inspeksie beskikbaar te stel nie.

10.2. Enige Algemene Geval van Versuim sal ’n verbreking van hierdie Bepalings en voorwaardes daarstel en aan die bepalings van klousule 11 onderhewig wees.

## 11. KONTRAKBREUK

11.1. Duidelikheidshalwe word op rekord geplaas dat die bepalings van klousule 10 en hierdie klousule 11 nie op die Wesenlike Gevalle van Versuim ingevolge klousule 9 of die bepalings van klousule 5.7.4 van toepassing is nie.

11.2. Indien enige Party (“die Versuimende Party”) die bepalings van hierdie Bepalings en voorwaardes verbreek en versuim om sodanige verbreking reg te stel binne 7 (sewe) Besigheidsdae na ontvangs van ’n skriftelike kennisgewing wat die Versuimende Party aanmaan om dit reg te stel, sal die ander Party (“**die Onskuldige Party”**) sonder benadeling van enige van sy ander regte, geregtig wees om:

11.2.1. Spesifieke nakoming van die Versuimende Party se verpligtinge ingevolge hierdie Bepalings en voorwaardes te eis, of

11.2.2. hierdie Bepalings en voorwaardes te kanselleer en sodanige skade van die Versuimende Party te eis as wat die Onskuldige Party as gevolg van die Versuimende Partye se kontrakbreuk mag ly, insluitende Indirekte of Gevolgskade.

## 12. REGSKOSTE

In enige regsgeding of aansoek, of arbitrasieverrigtinge tussen die Partye, aanvaar die Verkoper aanspreeklikheid vir die betaling van koste op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt insluitende invorderingskommissie, opsporingsfooie, krediet- of ander versekeringspremies wat VKB mag aangaan ten einde sy regte teen die Verkoper suksesvol te beskerm en, in geval die geding in die Landdroshof ingestel is, die fooie van die advokaat op verhoogde skaal, welke fooie, in geval van ’n geskil oor die omvang daarvan, getakseer moet word deur die voorsitter van die Vrystaatse Vereniging van Advokate (Bloemfontein). Die Verkoper onderneem om rente op sodanige koste te betaal vanaf die datum waarop dit getakseer of op die bedrag daarvan ooreengekom is tot datum van betaling, teen die dan heersende Prima Rentekoers.

## 13. FORCE MAJEURE

Die Partye kom ooreen en die Verkoper aanvaar dat *Force Majeure*, in besonder 'n misoes of skade aan of vernietiging van oeste vir watter rede ook al, nie op hierdie Bepalings en voorwaardes van toepassing sal wees nie en dat die Verkoper verplig sal wees om die hoeveelheid Kommoditeite ingevolge 'n Koopkontrak gekontrakteer, te lewer, ongeag die grootte van die Verkoper se oes of die tonnemaat deur die Verkoper geoes, by gebreke waarvan die Verkoper in verbreking van hierdie Bepalings en voorwaardes sal verkeer.

**14. SILODIENSTE**

14.1. Indien die Verkoper van VKB se silodienste gebruik maak (synde opberging, hantering of andersins) sal sodanige silodienste onderhewig wees aan VKB se standaard Terme en Voorwaardes vir Graanopberging en Hantering (B&V's), welke B&V's vanaf VKB se Hoofkantoor, silo's of webblad (www.vkb.co.za) verkry kan word. Die Verkoper stem toe tot die feit dat die B&V's op VKB se silodienste van toepassing sal wees en dat enige dispuut tussen VKB en die Verkoper met betrekking tot enige silodienste deur VKB gelewer, insluitende dispute met betrekking tot gradering en gewig, maar nie daartoe beperk nie, ingevolge die toepaslike bepalings in die B&V's opgelos sal word.

14.2. VKB kan nie die beskikbaarheid van opbergingskapasiteit by die Plek van Lewering soos per die Transaksiebevestiging waarborg nie. In geval van onvoldoende opbergingskapasitieit of indien VKB nie die Kommoditeite by die ooreengekome Plek van Lewering kan ontvang nie, mag VKB die naaste alternatiewe Plek van Lewering aanwys. Onder daardie omstandighede sal die Uitbetalingsprys van die Kommoditeit aangepas word, gebaseer op die relevante differensiale, premies en ander koste relevant tot die alternatiewe Plek van Lewering. Hierdie sal slegs van toepassing wees op die tonnemaat wat by die alternatiewe Plek van Lewering gelewer is.

14.3. Lewering van die Kommoditeit aan enige derde party sal onderhewig wees aan die bepalings en voorwaardes van die derde party met betrekking tot gradering, weging, opberging en ander silodienste wat deur die eienaar van daardie Plek van Lewering gelewer word. Dit word ooreengekom dat enige dispuut met betrekking tot sodanige silodienste wat deur die derde party gelewer word, as 'n dispuut tussen die Verkoper en die betrokke derde party geag sal word en ingevolge die derde party se dispuutbeslegtingsprosedures mee gehandel sal word.

**15. DISPUUTBESLEGTING EN ARBITRASIE**

15.1. Indien enige geskil tussen die Partye uit die Bepalings en voorwaardes ontstaan, insluitende die vertolking van die bepalings daarvan, die regte en verpligtinge van die Partye of die kansellasie hiervan, uitgesonderd enige Geval van Versuim, sal elke Party verplig wees om in goeie trou te onderhandel om die geskil te besleg.

15.2. Indien die Partye nie daarin kan slaag om die geskil by wyse van onderhandeling in goeie trou te besleg nie, mag enige Party by wyse van skriftelike kennisgewing wat binne 10 (tien) dae nadat 'n dispuut verklaar is, op die ander Party bestel word, te vereis dat die geskil of verskil wat uit hierdie Bepalings en voorwaardes ontstaan, deur middel van arbitrasie besleg word, onderhewig aan die bepalings van hierdie klousule 15.

15.3. Die kennisgewing waarna in klousule 15.2 verwys word, moet die naam bevat van die persoon wat deur die verwysende Party voorgestel word om as arbiter aangestel te word, wat 'n advokaat met minstens 10 jaar praktiese ondervinding sal wees. Die Partye moet binne sewe (7) dae na ontvangs van sodanige kennisgewing deur die nie-verwysende Party 'n bepalings en voorwaardes oor die aanstelling van 'n spesifieke arbiter bereik.

15.4. Indien die Partye nie 'n ooreenkoms oor die identiteit van die arbiter kan bereik nie, sal 'n arbiter deur die Voorsitter van die Vrystaatse Vereniging van Advokate (Bloemfontein) aangewys word, wie se beslissing finaal en bindend op die Partye sal wees.

15.5. Die Partye moet binne 10 (tien) dae na aflewering van die kennisgewing in klousule 15.2 bedoel, 'n arbitrasie-ooreenkoms aangaan. Sonder om dit daartoe te beperk, moet die arbitrasie-ooreenkoms voorsiening maak vir, onder andere:

15.5.1. Die omskrywing van die geskilpunt wat deur die arbiter besleg moet;

15.5.2. ooreenkoms oor of die arbitrasie op 'n formele of informele manier gevoer moet word en, in die geval van laasgenoemde, of mondelinge getuienis nodig sal wees;

15.5.3. of die Partye deur regsverteenwoordigers bygestaan mag word;

15.5.4. of die beslissing van die arbiter onderworpe sal wees aan 'n appèl na 'n appèltribunaal bestaande uit twee regspraktisyns met minstens 12 jaar praktiese ervaring, wat by gebrek aan 'n ooreenkoms tussen die Verkoper en VKB, deur die Voorsitter van die Vrystaatse Vereniging van Advokate (Bloemfontein) aangewys sal word.

15.6. Die arbitrasie sal onderhewig wees aan die arbitrasiewetgewing wat van tyd tot tyd in die Republiek van Suid-Afrika geld en sal, tensy die Partye anders ooreenkom, gevoer word ooreenkomstig die dan geldende reëls van die Vereniging van Arbiters van Suid-Afrika: Met dien verstande dat:

15.6.1. Die arbitrasieverrigtinge te Reitz in die Vrystaat Provinsie sal plaasvind, of op sodanige ander plek as waarop die Partye mag ooreengekom.

15.6.2. Dit nie verpligtend sal wees om die vereistes van die prosesreg of gewone reëls van bewysreg nougeset te volg nie, tensy die Partye daartoe ooreenkom.

15.6.3. Die arbiter sal geregtig wees om die bystand en/of getuienis van deskundiges en/of professionele persone te versoek wat na sy mening nodig sal wees in die lig van die wesensaard van die dispuut of enige spesifieke faset daarvan.

15.6.4. Die Partye sal elkeen aanspreeklik wees om in gelyke dele tot die koste van die arbitrasie by te dra, tot tyd en wyl die arbiter 'n toekenning ten opsigte van koste gemaak het, welke toekenning 'n beslissing met betrekking tot die arbiter se eie koste sal insluit.

15.7. Die Partye kom ooreen en verbind hulle daartoe om die arbitrasie in die kortste moontlike tyd af te handel.

15.8. Die finale beslissing van die arbiter of appèltribunaal, na gelang van die geval, mag op aansoek van enige van die Partye 'n bevel van die hof gemaak word.

15.9. Indien die Verkoper te enige tyd, in die uitsluitlike diskresie van VKB, nie sy volle samewerking gee om die arbitrasieverrigtinge so gou as moontlik af te handel nie, sal VKB geregtig wees, maar nie

verplig nie, om die arbitrasieverrigtinge op te skort en regsaksie in ʼn geregshof met bevoegde jurisdiksie in te stel.

## 16. *PRIMA FACIE* BEWYS

Die Partye kom ooreen dat ʼn sertifikaat uitgereik deur die Finansiële Direkteur of enige senior bestuurder van VKB, wie se aanstelling nie bewys sal verg nie, wat die bedrag stateer wat enige Party aan die ander verskuldig is ten opsigte van die koopprys, rente, koste, verliese en/of skadevergoeding deur die een Party aan die ander betaalbaar ingevolge hierdie Bepalings en voorwaardes, insluitende enige element waarna in klousule 5.10 verwys word, vir alle doeleindes as *prima facie*-bewys van die bedrag aldus verskuldig en betaalbaar, aanvaar sal word.

## 17. SKEIBAARHEID

Elke bepaling van hierdie Bepalings en voorwaardes is skeibaar van die ander bepalings. Indien enige bepaling deur ʼn Hof met bevoegde jurisdiksie vir enige rede as onwettig, ongeldig of onafdwingbaar bevind word, sal daardie bepaling as *pro non scripto* beskou word, maar sonder om enige van die oorblywende bepalings van die Bepalings en voorwaardes te affekteer, benadeel of ongeldig te maak, wat bindend sal bly en met volle krag en werking sal voortbestaan. In daardie geval sal die Partye in goeie trou met mekaar konsulteer ten einde oor ʼn alternatiewe bepaling in ooreenstemming met die bedoeling en gees van hierdie Bepalings en voorwaardes ooreen te kom, by gebreke waarvan die bepalings hierbo van toepassing sal wees.

## 18. OPNEEM EN STOOR VAN TELEFOONGESPREKKE

18.1. Die Partye erken dat die opneem van telefoongesprekke en die stoor daarvan onder sekere omstandighede mag neerkom op die prosessering van persoonlike inligting wat vir die sluiting en uitvoering van hierdie Bepalings en voorwaardes nodig mag wees, suiwer met die doel om kwaliteitskontrole te verseker.

18.2. Gevolglik stem die Partye hiermee toe tot die opneem en stoor van telefoongesprekke vir die doeleindes van hierdie Bepalings en voorwaardes.

## 19. KENNISGEWINGS EN DOMICILIA

19.1. Die Partye kies die adresse soos uiteengesit in die Kontrakbevestiging as hul domicilia citandi et executandi vir alle doeleindes van hierdie Bepalings en voorwaardes, hetsy ten opsigte van hofgedinge, kennisgewings of enige ander dokumente of kommunikasiestukke van watter aard ook al:

19.2. Enige Party mag deur kennisgewing aan die ander Party sy adres en/of die persoon vir wie se aandag enige kennisgewing gemerk moet word, verander, welke verandering effektief sal word 5 (vyf) Besigheidsdae na ontvangs deur die geadresseerde.

19.3. Effektief op ontvangs:

19.3.1. Enige kennisgewing tree in werking wanneer dit deur die ontvanger ontvang word en, tensy die teendeel bewys word, word dit geag ontvang te wees:

19.3.1.1. Op die dag van aflewering, indien dit tydens besigheidsure per hand afgelewer is aan 'n verantwoordelike persoon by die ontvanger se fisiese adres: Met dien verstande dat enige sodanige kennisgewing wat na 16:00 op enige dag gelewer word, geag sal word op die eerste Besigheidsdag daarna ontvang te wees;

19.3.1.2. Op die eerste Besigheidsdag na die datum van versending, indien per e-pos gestuur.

19.3.2. Ongeag enigiets tot die teendeel in hierdie Bepalings en voorwaardes, word 'n kennisgewing wat werklik deur 'n Party ontvang is, vir alle doeleindes as effektiewe kennisgewing beskou, alhoewel dit nie aan sy genomineerde adres gestuur, of afgelewer, of gestuur en afgelewer is nie.

**20. VERTEENWOORDIGING EN BORGSKAP**

20.1. Indien die Koopkontrak deur VKB aangegaan word met ’n Verkoper wat ’n regspersoon is, hou die ondertekenaar van die Kontrakbevestiging namens die Verkoper deur sy handtekening voor en waarborg dat hy behoorlik gemagtig is om die Kontrakbevestiging namens die Verkoper aan te gaan en te onderteken. Indien die Verkoper nie aan Koopkontrak gebonde is nie omdat die ondertekenaar nie behoorlik gemagtig was om die Verkoper te verteenwoordig en te verbind nie, sal die ondertekenaar in sy persoonlike hoedanigheid as Verkoper aan die Koopkontrak gebonde wees, so volledig asof die Bepalings en voorwaardes tussen homself en VKB aangegaan is.

20.2. Indien die Verkoper 'n maatskappy/beslote korporasie/trust/vennootskap/ander entiteit is wat nie ’n natuurlike persoon is nie, verbind die ondertekenaar wat die Koopkontrak namens die Verkoper onderteken homself as borg en medehoofskuldenaar in solidum vir die behoorlike nakoming van die Verkoper se verpligtinge teenoor VKB in terme van die Koopkontrak, met afstanddoening van die wetlike eksepsies non numeratae pecuniae, non causa debiti, errore calculi, geen waarde ontvang, de duobus vel pluribus reis debendi en/of ordinis seu excussionis et divisionis.

**21. ALGEMEEN**

21.1. Die bepalings van die ECTA Wet sal op hierdie Bepalings en voorwaardes van toepassing wees.

21.2. Hierdie Bepalings en voorwaardes, saamgelees met enige Kontrakbevestiging deur VKB uitgereik met betrekking tot enige spesifieke transaksie, verteenwoordig die enigste rekord van die Bepalings en voorwaardes ten opsigte van enige Koopkontrak tussen die Partye gesluit.

21.3. Geen Party sal gebonde wees aan enige uitdruklike of geïmpliseerde term, voorstelling, waarborg, belofte of iets dergeliks wat nie in hierdie Bepalings en voorwaardes opgeneem of op skrif gestel en deur of namens die Partye onderteken is nie.

21.4. Geen toevoeging tot, afwyking of ooreengekome kansellasie van hierdie Bepalings en voorwaardes anders as by wyse van 'n Kontrakbevestiging, sal van enige krag of werking wees nie, tensy dit op skrif gestel en deur of namens beide Partye onderteken is.

21.5. Geen toegewing wat 'n Party ("die verlener") aan die ander Party ("die ontvanger") mag verleen, sal ‘n afstanddoening van enige van die regte van die verlener daarstel nie, wat nie daardeur verhoed sal word om enige regte wat in die verlede ontstaan het of wat in die toekoms mag ontstaan, teen die ontvanger uit te oefen nie.

21.6. Die Partye onderneem om te alle tye alles te doen, al sodanige aksies uit te voer en al sodanige stappe te neem, en die doen van al die dinge, die uitvoer van al die aksies en die neem van al die stappe te bewerkstellig, wat tot hulle beskikking is en noodsaaklik is vir of in verband met die inwerkingstelling of handhawing van die bepalings, voorwaardes en belang van hierdie Bepalings en voorwaardes.

21.7. Hierdie Bepalings en voorwaardes sal bindend en afdwingbaar wees op en deur die boedels, erfgename, eksekuteurs, administrateurs, trustees, gemagtigde regsverkrygendes, ondernemingsreddingspraktisyns of likwidateurs van die Partye so volledig en effektief asof hulle hierdie Bepalings en voorwaardes in die eerste instansie onderteken het en 'n verwysing na enige Party sal geag word enige sodanige Party se boedel, erfgename, eksekuteurs, administrateurs, trustees, gemagtigde regsverkrygendes, ondernemingsreddingspraktisyns of likwidateurs, na gelang van die geval, in te sluit.

21.8. Hierdie Bepalings en voorwaardes sal in alle opsigte beheer word deur en geïnterpreteer word ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

21.9. Die Partye stem hiermee toe tot en onderwerp hulle aan die nie-uitsluitlike jurisdiksie van die Hoërhof van Suid-Afrika vir doeleindes van alle en enige regsgedinge voortspruitend uit of rakende hierdie Bepalings en voorwaardes.

## 22. INKORPORASIE DEUR VERWYSING

Die terme en voorwaardes hierin uiteengesit word geïnkorporeer in enige verkope van 'n Kommoditeit gemaak deur die Verkoper aan VKB by wyse van 'n Koopkontrak of enige aankope van 'n Kommoditeit gemaak deur die Koper vanaf VKB by wyse van 'n Verkoopkontrak.